# Ruach Bediening Nuusbrief

April 2023

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand ........ 1
2. Gebedsterapie sessies in April 2023 ........ 2
3. Getuienisse ........ 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ........ 2
   a. Maart 2023 Nuusbrief ........ 2
   b. As die Kruis kon praat ........ 4
   c. Vanoggend ........ 6
   d. Kom ons begin hierdie woorde oor ons kinders SPREEK ........ 6
   e. So terloops ........ 7
5. Beplanning vir volgende maande ........ 8
6. Woord in Aksie kampe – Pretoria ........ 8
7. Afsluitings gebed ........ 9



## 1. Gedagte vir die maand

*Jesaja 53:5*

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*





## 2. Gebedsterapie sessies in April 2023

| | |
|---|---|
| 67 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 3 | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| 29 | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |
| 12 | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| 0 | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| 111 | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

## 3. Getuienisse

**Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:**

**Getuienis 1**: Sarel, ek bid dat Jesus julle altyd sal seen in julle bediening.

**Getuienis 2**: Dankie vir alles wat jy doen, Sarel. God het jou vir ons gegee. Blessings oor jou ministry. Know that you and Gerda are precious for all of us.

**Getuienis 3**: Baie dankie oom Sarel. Ek voel regtig baie lighter en beter. Dankie vir oom se gehoorsaamheid.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Maart 2023 Nuusbrief

Terugvoer wat ons gekry het van die Maart 2023 nuusbrief:



*Johannes 4:28 Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê:*

Woorde dra geweldige groot krag, wanneer ons aan mense die getuienis gee, van wat Jesus in ons lewe gedoen het. Nog groter krag as dit is die video van jou lewe! Mense, kinders, jou geliefdes, medewerkers, inwoners van die dorp waar jy bly, kyk elke dag na die video van jou lewe! Dit is ook die video van Jesus! Mense leerken die God wat jy aanbid deur die video van jou lewe! Dit is nie die beeld wat jy uitstraal, die een wat jy in die spieël sien, wat mense van Jesus vertel nie. Dit is die vrug wat jy dra, wat die geheim aan die wêreld openbaar! Daarom is dit so belangrik dat ons nie sal toelaat dat seerkry, teleurstelling, woede, bitterheid, pyn en hartseer in ons harte groei

Beste Sarel,

Dankie vir hierdie wonderlike e-mail. Dit is so lekker om te hoor wat Vader nog steeds en ook nog VORENTOE in en deur jou lewe gaan doen.

Hierdie Image of foto onderaan beteken baie vir my want dit is waarmee Vader besig is in my en ons almal se lewe. Paulus se I am in birthpains UNTIL Christ is formed in you.

Ja, soos 'n "Master craftsman" word die beeld van Sy Seun in ons lewe gevorm. Die Seun is mos die Image van sy Vader.

Die Bybel se ons (ek en jy) "behold as in a mirror the Glory of God, and as we behold, we are changed from "Glory to Glory" Let wel, dit is van Glory to Glory. Daar in 'n ever increasing glory soos jy na die spieel kyk. Hoe meer ons kyk met GE-OPENDE OE (want die "veil" is mos nie meer daar nie), JA, Jesus genees vandag nog die Blindes wat nie kan sien nie. (He lifts the veil from our Spiritual Blindness) . Ons OE moet oop wees. Die sluier tussen die ALLER heiligste en Heilig plek is mos geskeur. Dit meen Jou Siel kan reg binne the Allerheiligste kyk. In die Aller heiligste of open heaven sien ons nie alles op een slag nie. So ons kyk (INTO the PERFECT LAW of LIBERTY) en dan sien ons die refleksie van die Vader se "Image" Nie die hele prentjie nie net n deeltjie.

Onthou vir Moses' wat se "Father shows me your Glory". Vader se toe vir hom, Seun om my VOLHEID te sien, is soos om met jou oe in die SON te kyk, op n wolklose dag. Ek kan nie dit alles op een slag vir jou wys nie, laat ek jou in die "clef" van hierdie rots sit en dan sal ek verby jou gaan, maar jy sal net my rug sien. Jy sal nie my "FACE TO FACE" sien nie. Geen mens kan my FACE to FACE sien en LEWE nie.

Paulus se "I DIE DAILY. Die gebed van n Seun is" Father gives us our DAILY Bread". "Daily" beteken nie een keer op 'n dag nie, maar soveel keer as wat jy wil eet van Vader se brood. Daai HEMELSE MANNA. Hierdie is Hemelse Brood - Vader se woord. Ja vader voorsien ons daaglikse behoefte maar die gebed van n seun is nie gefokus op daaglike behoeftes nie want hy weet mos" MY FATHER KNOW WHAT I NEED BEFORE I ASK HIM"

So, Vader wys n gedeelte van Homself. 'n Refleksie. Daarom is dit so belangrik dat ons weer, en weer, en weer in die spieel kyk, totdat ons die volle prentjie sien. Todat ons "FACE to FACE" met Vader is en die HELE prentjie sien. Todat ons die volle beeld ontvang en uitstraal. Soos jy die refleksie van Vader sien en dan ontvang, word jy 'n SEUN wat jou VADER se beeld uitstaal. Jou Siel werk dan ook soos 'n spieel wat Vader reflekteer deur jou liggaam

Vader wys vir ons in die Ou Testament wat hy bedoel. Hy maak die Son, maan en sterre op die 4de dag

Die Maan werk soos n Spieel. Wanneer jy na die Maan kyk, sien jy die refleksie van die Son. Ons kan nie in die Son kyk nie, maar ons kan die refleksie van die Son in die maan sien. Jy kan besluit hoe lank en hoeveel jy na die maan wil kyk. Party mense se mos partykeer- "Die person is met die maan gepla- of hy is n lunatic" Dit mag dalk snaaks klink, maar dit is n goeie ding om met die maan gepla ☺ te wees. Hoe meer jy na die maan kyk, hoe meer sien jy die refleksie van die son.

Nou, jy sien ook nie altyd vol maan nie? Die maan is ook verdeel in fases, wat presies is wat Paulus verduidelik met die "MIRROR IMAGE". Die bybel se ons moet kyk tot die SON OPKOM 2 Pet 1:19. Die opkoms van die Son is wanneer jy die VADER uitstraal.

So, die VADER is die SON



Die seun kyk na die refleksie/Maan TOTDAT die SON of OPKOM.
Wanneer die SON opkom in die Seun se eie lewe 2 Pet 1:19 dan reflekteer die Seun die Son

Die Seun word nou die maan en dan sien jy net STERRE…..

Het Vader nie gese ABRAHAM se nageslag sal wees soos die sterre in die HEMEL nie.

Sodra die seun die VADER se volle IMAGE refleteer, sal die vrug van wat uit Sy lewe voortsrpuit, wees soos die sterre in die hemel. FRUITFULLNESS

Vader maak van n ABRAM (High Father) 'n Father of many Nations

So, my gebed vir jou Sarel is, mag jy met geopende oe kyk en soos jy baie keer kyk, so groei jy in jou vehouding [VADER-SEUN/INTIMITIET] todat jou nageslag sal wees, soos die STERRE. Spiritual offspring in the IMAGE of the FATER through another Son.

EK glo die hele Tema van die bybel kan saamgevat word in die volgende TWEE woorde – VADER-SEUN. Ons wonderlike koning en redder Jesus Christus, het gekom om mens te herstel tot hierdie verhouding. "Oe" soos ek ook met geopende oe kyk, sien ek in die refleksie nog nie alles nie. Ek besef die werk is voltooi. My en ons Siel doen cath-up. Deeltjie vir deeltjie, from faith to faith, from glory to glory ……. Want, Vader is AWESOME VERBY!!!!!

Jammer vir die engels so tussen die Afrikaans😊
Die Vader het jou en Gerda ontsaglike lief.

1 Cor 13: 11 - 12 When I was a child, I spoke as a child, I understood as a child, I thought as a child; but when I became a man, I put away childish things. For now we see in a mirror, dimly, but then face to face. Now I know in part, but then I shall know just as I also am known.
1 Cor 3:18 But we all, with unveiled face, beholding as in a mirror the glory of the Lord, are being transformed into the same image from glory to glory, just as by the Spirit of the Lord.
2 Pet 1:19 And so we have the prophetic word confirmed, which you do well to heed as a light that shines in a dark place, until the day dawns and the morning star rises in your hearts;

## b. As die Kruis kon praat .....

Dis amper Paasfees, Here. Oral in die winkels kuier die Paashase rond, en om die draai waai die Paasnaweek vrolik, met soveel beloftes van rus en saamkuier met mekaar. Iewers mis ons dit, né Here. Iewers het ons die kruis in blink goue papiertjies begin toedraai, met ogies en 'n glimlag, en dit gaan wegsteek tussen al die sjokolade-hase op die winkel se rak.

Ek wil nie deel wees van so 'n Paasfees nie, Here. Ek kan nie. Ek kan nie vir Jesus in blink papier toedraai en omdraai asof dit my nie raak nie.

Ek wil vanaand stil-versigtig voor U kruis kom staan . . . As die kruis kon praat, Here, sou dit sag vir my gesê het dat U my terug-getel het in die Veiligheid van U liefde. Daardie liefde waarin ek

geborge is. Daardie liefde waar ek onvoorwaardelik aanvaar word. Daardie liefde wat my vashou en liefhet, soos net 'n Pa vir Sy kind kan lief wees.

As die kruis kon praat, Here, sou dit my vertel het van daardie verskriklike oomblik toe Jesus uitgeroep het: "My God, My God . . . waarom het U my verlaat?" My God . . . nie 'My Vader' nie. My God. Want vir daardie oomblik het U weggekyk van Jesus, afgebuk en my weer in U liefde teruggetel. Vir daardie oomblik het U vir Jesus uit die veiligheid van U liefde gestoot.

As die kruis kon praat, sou dit my vertel van Jesus se verlate-wees, se uitgestoot-wees, se alleen-wees. Dit sou my vertel van Jesus se vrees om uit die kring van God se liefde te beweeg. Dit sou my vertel van Sy angs, daardie oomblik toe Hy nie meer deel was van God se liefde nie.

As die kruis kon praat, Here, sou dit my vertel van Jesus se liefde vir my. 'n Liefde wat eenkant gaan staan het, alleen en sonder die Vader. 'n Liefde wat my raakgesien het, en my alleen en bang en skuld op Sy skouers getel het, en dit buite die Kring van die Vader se liefde gaan neersit het.



As die kruis kon praat, Here, sou dit my vertel van 'n liefdevolle Vader wat my versigtig optel en my stil binne die geborgenheid van Sy volmaakte liefde gaan neersit.

As dit nie vir die kruis was nie, Here, het ek nou nog alleen en bang buite die Kring van U liefde rondgedwaal. Doelloos. En sonder Hoop.

As die kruis kon praat, Here, sou dit stil vir my vertel het dat ek nie moedeloos hoef te wees nie. Dit sou my herinner het dat ek oppad is Huistoe, na my Vader wat vir my so onbegryplik lief is. Dit sou my herinner daaraan dat ek geborge is binne God se liefde. Dat niks my daar kan seermaak of bangmaak of hartseer maak nie. Dit sou my herinner aan die Vader wat my elke oomblik van die dag styf teen Hom vashou. As die kruis kon praat, sou dit my opgewonde vertel van eendag se Eendag wanneer ek by die Huis gaan kom.

As die kruis kon praat, Here, sou dit 'n Sirkel om my trek en my herinner dat Jesus buite God se liefde moes bly, sodat God my weer binne Sy Sirkel kon tel. Sodat ek kan deel wees van 'n Goddelike gesin, waar ek altyd welkom is, waar ek mag hoort by 'n Vader wat vir my so baie lief is.

Dankie vir die kruis, Here. Wanneer ek vanaand stil my vingers oor die skerwe-hout laat gly, sê ek dankie dat daardie kruis vir my kom sê dat God se arms nooit ooit vir my sal toegaan nie. Maar dat dit sag om my vou en Paasfees vir my kom sê: "Jy is Myne. Ek het jou duur gekoop. Ek het jou lief met 'n liefde wat weggekyk het van My eie Seun, sodat ek jou weer binne die geborgenheid van My liefde kan tel."

Dankie Here. Die verlatenheid wat Jesus daar aan die kruis gevoel het, die seer en die stukkend en die uitgestoot wees, kan nie toegedraai word in blink papier nie. Dit kan nooit mooi gemaak word met paashase en sjokolade nie.

Dis amper Paasfees, Here. Ek wil stil voor die kruis kom kniel, en dankie sê. Dankie dat Jesus my teruggetel het in die geborgenheid van my Hemelse Vader se liefde. In hierdie liefde is ek veilig. Vir altyd.

Amen.

*(Katrienkie@2023)*

## c. Vanoggend



Vanoggend lees ek die storie van Jesus wat met twee visse en vyf stukke brood 5000 mense gevoer het.
Dit is 'n storie wat elkeen al seker meer as 'n 100 keer in hulle leef tyd gehoor het. Maar wat my vanoggend by geval het was nie die 5000 mense, of die hoeveelheid visse en brood wat daar was nie.

Wat my by geval het was hoeveel daar was en wat Jesus daarmee gedoen het. Ek leer nou die dag dat ons moet bid dat Jesus moet seën wat ons reeds het en vir ons moet wys hoe om dit met wysheid te gebruik.
So vanoggend staan die volgende vir my uit:
Jesus het die brood in Sy hand gevat, op gekyk na die hemele. Hy het die brood en visse geseën. Hy het nie vir God geskel omdat daar te min was nie, Hy het nie God gevra vir nog nie. Hy het geseën wat reeds daar was.




Ek wonder hoeveel van ons kyk na wat ons het en in teleurstelling is ons dood eenvoudig nie tevrede nie. Ons gaan dan en vra vir God vir NOG. Ons vra nie dat Hy dit moet seën wat ons reeds het nie.

Ek glo God het die wysheid om vir ons elkeen te wys hoe om te gebruik wat ons reeds het, al kom dit voor of dit nie genoeg is nie.

Ek glo ook as God seën wat ons reeds het, sal dit altyd te veel wees en daar sal nog oor bly na die tyd.
Ek kan net van nou af bid dat God my die wysheid gee, om te wys hoe moet ek gebruik wat ek reeds het. En nie dat ek net elke dag bid vir nog meer nie. (Erkenning-Bianca Botha)

## d. Kom ons begin hierdie woorde oor ons kinders SPREEK ....




Die Gideons is besigheidsmanne wat Bybels uitdeel.
So het hulle eendag by 'n skool Nuwe Testamente uitgedeel en Karin, 'n jongmeisie het haar eerste Bybel ontvang. Sy het graag uit die Bybel gelees totdat haar pa – 'n myner van beroep – haar "gevang "het Bybel lees. Hy het haar kwaai aangespreek dat dit wat sy lees is leuens en fantasië.

Karin kon eenvoudig nie die Bybel neersit nie en het maar aanhou lees tot eendag dat haar pa onverwags kom en haar sien die Bybel lees.
Hy het dit uit haar hande gegryp, in sy sak geplaas en geloop.

Die pa het werk toe gegaan en dit is 'n paar uur later dat sirenes deur die dorp gaan. 'n Sekere gedeelte van die myn het ingeval. Karin se pa was een van 31 manne wat vasgeval het in die myn. Die reddingswerkers het vyf dae geneem om die mans te bereik en toe gevind dat al 31 dood was.

Die reddingswerkers het in biddende hande, Karin se pa die Bybel, Nuwe Testament gevind. Hulle het die Bybel oopgemaak en voorin was geskrywe: "Aan my dogter Karin, Hou aan om die Bybel te lees, dit is waar en ek sal jou eendag by Jesus se wederkoms in die Hemel sien." Agter in die

Bybel waar jy jou naam moet teken indien jy Jesus aangeneem het as jou Saligmaker, het haar pa sy naam geteken. Een bladsy terug was al die ander dertig manne se name ook geteken.

Wat sou gebeur het as Karin opgehou het om die Woord te lees?
ROMEINE 1:16 "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek."

Hierdie pa het sy kind in die geloof gelei – al was hy dood.
Vandag wil die Heilige Gees vir ons as ouers die boodskap gee, om ons kinders aan te moedig om die Bybel elke dag te lees soos wat Karin gedoen het. (Met erkenning – Sarie Myburgh)

## e. So terloops ...







**Koos en sy pêl** het 'n sak vol lemoene by die bure gesteel. Hulle hardloop na die naaste begraafplaas om die lemoene te verdeel. Toe hulle by die hekke inhardloop, val twee lemoene uit die sak en word net daar gelos.

🥴'n Dronkie op pad terug van die kroeg loop daar verby en hoor toe: "Een vir my en een vir jou, een vir my en een vir jou."



😳Hy skrik hom sommer nugter en hardloop na die dominee toe. "Dominee, Dominee, kom saam my asseblief, kom hoor hoe deel God en satan lyke tussen hulle daar in die begraafplaas!"

😧Hulle hardloop begraafplaas toe en die stemme gaan voort: "Een vir my en een vir jou, een vir my en een vir jou!"

Skielik sê die een stem: "Nou wat van die twee by die hek?"
Dominee het die vinnigste gehardloop...🏃‍♂️🏃‍♂️🏃‍♂️🏃‍♂️🏃‍♂️

## 5. *Beplanning vir volgende maande*

| DELMAS |
|---|

**MAANDAE** is ek in Delmas.
Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** |
| **2023** | **2023** | **2023** |
| 5 & 6 Mei 2023 | 8 & 9 Mei 2023 | Geen |
| 2 & 3 Junie 2023 | 5 & 6 Junie 2023 | 22 Junie 2023 |
| Geen | Geen | 20 Julie 2023 |
| 4 & 5 Augustus 2023 | 7 & 8 Augustus 2023 | Geen |
| 1 & 2 September 2023 | 4 & 5 September 2023 | 21 September 2023 |
| 6 & 7 Oktober 2023 | 9 Oktober 2023 | 26 Oktober 2023 |
| 3 & 4 November 2023 | 6 & 7 November 2023 | 23 November 2023 |
| 1 & 2 Desember 2023 | 4 Desember 2023 | Geen |

## 6. *Woord in Aksie kampe – Pretoria*

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881



## 7. Afsluitings gebed

Abba Vader, dankie vir U wonderlike geskenk van liefde vir ons: Jesus Christus. Here, dankie dat U my liefgehad het, lank voordat ek U nog geken het. Dankie Jesus, vir U wonderlike liefde en offer aan die kruis vir my. Dankie dat U die grootste prys ooit betaal het, sodat ek ten volle kan lewe en vry kan wees om te leef in al U volheid! God, ek het U so lief! My hart is vol van U liefde, geluk en vrede en dit vul my weer en weer as ek aan U dink. Dankie Here, dat ek vry is om U lief te kan hê. Dankie Jesus dat U vir my daardie wonderlike geskenk gegee het. Dankie Heilige Gees vir die wonderlike geskenk dat U Jesus elke dag aan my openbaar en dat U my ly en verander, elke dag van my lewe. Ek is so geseënd. Vader God, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus Christus, my Verlosser en Koning. Amen.

*Met erkenning aan Kalahari Kind – Daaglikse Pitkos*

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee